

Speel klaar met kalk

Boere en huiseienaars vertrou al sedert 1995 op die inlyn-PTH-produk wat deur Waterversagting RSA verskaf word.

Met die toename in die gebruik van boorgatwater, is daar 'n toename in probleme vanweë die nagevolge van harde water in die vorm van kalk-aanpaksels. Die PTH ontkalk pype en geiser-elemente deur bestaande aanpaksels af te breek en verdere aanpaksels te voorkom.

Die PTH is 'n katalitiese omsetter wat watermolekules "rek" en dan 'n effek van "natter water" veroorsaak. Dit bied 'n besparing van 40% op besproeiingswater omdat die water dade-

lik die grond indring sonder dat dit lank aan die verdampings-effek van die son blootgestel is.

Buiten dat die PTH water bespaar, word brakwater ook toegankliker vir opname deur kontantgewasse. Boonop maak die PTH grond wat deur soute besoedel is, minder brak deur oormatige soutkonsentrasies in die grondlae af te breek en uit te loog, wat tot beter oeste lei.

Die produk is getoets deur die Landbounavorsingsraad se Instituut vir Graangewasse op Potchefstroom.

Mnr. Warren Mathews van

Die PTH-produk is 'n katalitiese omsetter wat watermolekules "rek" en daartoe lei dat die water "natter" word. FOTO: VERSKAF



Blue Bells-kwekery op Stilbaai gebruik al jare lank 'n PTH.

Hy sê die PTH het van die eerste dag ná installasie reeds van alle skuim, skifsel en kalk ontslae geraak.

Mnr. Danie le Roux van Bultfontein, 'n groot melkboer in Suid-Afrika, vertel hy gebruik sy PTH'e al sedert 1998 op melkmasjiene en dat hulle nooit breek of toekalk nie.

Die PTH bespaar ook elektrisiteit. 'n Aanpaksel van 1 mm kalk verhoog kragverbruik met 10%. Die PTH gebruik nie elektrisiteit of chemikalieë, verg min

onderhoud, is onbreekbaar en hou lewenslank.

Die eenaar van die PTH-onderneming, mnr. Pierre Massyn, het ondervinding met waterbehandeling op die Kibbutz Machenheim in Israel opgedoen. Hy was ook kommunikasiebestuurder van die Lesotho-hooglandwaterprojek en het dekades se ondervinding in waterbehandeling. **LBW**



NAVRAE:

Mnr. Pierre Massyn, **082 900 9253**;

Mnr. Tom de Gale, **076 036 2340**;

web: watersofteningrsa.co.za